# HOOFSTUK 7

# SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 7.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk word gewy aan 'n samevatting van die navorsing en die bevindings waartoe gekom is met die bereiking van die navorsingsdoelwitte (vergelyk 1.3). 'n Aantal aanbevelings wat uit die navorsing spruit, asook enkele voorstelle vir verdere navorsing, word ten slotte gemaak.

## 7.2 SAMEVATTING

In die eerste hoofstuk is aandag gegee aan die probleemstelling wat hierdie navorsing ten grondslag lê. Die vier probleemvrae waaroor hierdie navorsing gaan, is uitgelig en vier navorsingsdoelwitte is geformuleer. Daar is ook aangedui en gemotiveer watter navorsingsmetodes in hierdie studie gebruik is.

In hoofstuk 2 is aandag gegee aan die aard en omvang van onderwyserprofessionaliteit. Daar is onder andere aandag gegee aan die begrip "professionaliteit". Die professionalisering van die onderwys is bespreek. In hierdie hoofstuk is ook aandag gegee aan die soorte onderwysersorganisasies wat bestaan, naamlik die professionele onderwysersorganisasies en die vakbondgeoriënteerde onderwysersorganisasie.

Die literatuurstudie het die volgende feite aan die lig gebring:

- Die onderwyser verrig sy taak in die openbaar; daarom word die gehalte van sy werk, sy persoonlike optrede en persoonlike leefwyse voortdurend deur die gemeenskap beoordeel. Die waardes wat een bepaalde gemeenskap as professioneel sou aanvaar, word nie noodwendig deur 'n ander gemeenskap so aanvaar nie.

- Die professionele opvoeder verrig nie sy taak in isolasie nie. 'n Komplekse en verweefde netwerk van verhoudinge bestaan waarin die professionele opvoeder sy taak moet uitvoer. Die professionele opvoeder moet sy posisie in hierdie verweefde netwerk ken, om sodoende sy beroep op 'n professionele wyse uit te oefen.

- Die vereistes vir professionaliteit impliseer onder andere:
  - gespesialiseerde kennis,
  - volgehoue navorsing,
  - gesagshandhawing,
  - toegangsbeheer tot die professie,
  - outonomie,
  - die handhawing van 'n etiese gedragskode, en
  - unieke dienslewering.

- Die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders wat in terme van die Wet op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys in die vooruitsig gestel word, sal as 'n knoopstruktuur tussen die onderwyskorps en die breë gemeenskap dien. Hieruit sal 'n professionele etiese kode ontwikkel word wat op alle opvoeders van toepassing sal wees. Hierdie etiese gedragskode sal aan die gemeenskap 'n waarborg gee dat die beoefenaars van die onderwysprofessie van 'n besonder hoë gehalte sal wees.

- Aangesien onderwys in terme van die Grondwet as 'n basiese reg aan elke persoon gewaarborg word, word daar 'n verpligting op die staat geplaas om opvoeders te verskaf wat behoorlik gekwalifiseerd is en wat aan sekere standaarde en norme voldoen. Hierdie norme en standaarde word verwoord in die statutêre maatreël, naamlik die Wet op Indiensneming van Opvoeders, Wet 138 van 1994.

Hoofstuk 3 is gewy aan die statutêre determinante wat 'n moontlike invloed op 'n model vir onderwyserprofessionaliteit kan hê. Daar is veral gekyk na die nuwe Grondwet, die Handves van Fundamentele Regte, die Wet op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys asook die Wet op Indiensneming van Opvoeders.

Die literatuurstudie het in hierdie opsig veral die volgende feite aan die lig gebring:

- Die professionele opvoeder moet kennis neem dat hy sy professionele taak in 'n veranderende statutêre opset moet uitvoer. Hierdie statutêre veranderinge

verskaf nie net aan die professionele opvoeder regte nie, maar plaas ook veranderende verpligtinge op die skouers van die professionele opvoeder.

- Die gemeenskap sal toenemende druk op opvoeders uitoefen, omdat daar van die professionele opvoeder verwag word om 'n sukses van die veranderende Suid-Afrika te maak. Die professionele opvoeder sal dus voortdurend deur die gemeenskap onder die vergrootglas geplaas word.
- Die statutêre veranderinge wat plaasgevind het, sal 'n besliste uitwerking op die uitvoering van die professionele opvoeder se pligte hê.
- Onderwysbestuurders het 'n groot verantwoordelikheid ten opsigte van elke opvoeder se gehalte van werklewering. Elke opvoeder sal van die onderwysbestuurder verwag om hierdie veranderende statutêre opset reg te bestuur en korrek toe te pas.

In die vierde hoofstuk is ondersoek ingestel na die moontlike invloed van die gemeenregtelike determinante op 'n model vir onderwyserprofessionaliteit. Daar is veral gekyk na die reëls van natuurlike geregtigheid, billike prosedure, *in loco parentis*, sorgsame toesig, die *ultra vires*-leerstuk en kwasijudisiële bevoegdheid.

Die literatuurstudie het in hierdie opsig die volgende feite aan die lig gebring:

- Die gemeenregtelike beginsels word gebaseer op sekere gewoontes en waardes van die gemeenskap, en hierdie waardes en gewoontes van die gemeenskap is nie statiese fenomene nie.
- By die interpretasie van die onderwysreg speel die gemene reg 'n belangrike rol.
- Indien die gemeenregtelike beginsels, en veral die reëls van natuurlike geregtigheid, na behore in die onderwysopset toegepas word, word 'n geborgenheidsruim aan elke belangegroep by die onderwys verskaf - leerlinge, ouers, gemeenskap, werkgewers en die professie.
- Die gemeenregtelike beginsel van billike prosedure gee aan elke professionele opvoeder die versekering dat hulle belange op die gesonde beginsels van die gemene reg hanteer sal word. Hierdie versekering kan baie bydra tot die verbetering van opvoeders se gehalte van werklewe.
- In die geval van 'n hofgeding moet die professionele opvoeder daarvan bewus wees dat die hof hom nie gaan beoordeel aan die hand van die redelike-man-toets nie, maar aan die hand van die redelike-professionele-man-toets. Dit maak dit dus vir die professionele opvoeder noodsaaklik om toe te sien dat hy oor genoegsame kennis en vaardigheid beskik om sy taak soos 'n professionele man uit te voer.

In hoofstuk 5 is ondersoek ingestel na die wyse waarop sommige lande onderwyserprofessionaliteit interpreteer en toepas. Daar is veral gekonsentreer op die vereistes wat deur ander lande gestel word voordat 'n opvoeder as professionele opvoeder kan praktiseer. Daar is ook aandag gegee aan die wyse waarop ander lande onderwyserprofessionaliteit toepas.

Die literatuurstudie het in hierdie opsig die volgende feite aan die lig gebring:

- Die meeste lande wat bestudeer is, stel besondere vereistes waaraan 'n persoon moet voldoen voordat hy as 'n professionele opvoeder kan praktiseer. Sommige lande maak selfs die gereelde hernuwing van registrasie verpligtend.
- Die meeste lande wat bestudeer is, maak nie vir absolute regte van opvoeders voorsiening nie. Die grondwetlike regte van opvoeders word in sommige lande grootliks beperk.
- Die waardes en norme waaraan opvoeders moet voldoen, is in ander lande gekoppel aan die waardes en norme van die betrokke gemeenskap waarin die opvoeder werksaam is.

In hoofstuk 6 is die bevindinge van die literatuurstudie gebruik vir die ontwikkeling van 'n konseptuele model vir onderwyserprofessionaliteit in 'n veranderende Suid-Afrika. Begrippe soos "model" en "konseptuele model" het besondere aandag geniet. Ondersoek is ingestel na die verskillende tipes modelle. Die literatuurstudie het dit moontlik gemaak om 'n konseptuele model ten opsigte van onderwyserprofessionaliteit in 'n veranderende Suid-Afrika saam te stel.

Uit die navorsing is dit moontlik om 'n aantal gevolgtrekkings te maak, wat in die volgende paragrawe behandel sal word.

## 7.3 GEVOLGTREKKINGS

Die doelwitte van die navorsing (paragraaf 1.3) was om

- die aard en omvang van onderwyserprofessionaliteit te bepaal,
- die determinante te identifiseer wat 'n rol in die samestelling van 'n model vir onderwyserprofessionaliteit kan speel,
- 'n ondersoek te doen na die stand van onderwyserprofessionaliteit in ander lande, en
- 'n werkbare model vir onderwyserprofessionaliteit saam te stel.

Hierdie doelwitte is soos volg in hoofstukke 2, 3, 4, 5 en 6 bereik:

- Die aard en omvang van onderwyserprofessionaliteit is hoofsaaklik vanuit beskikbare literatuur omskryf (hoofstuk 2).
- Die statutêre determinante wat 'n moontlike invloed op die samestelling van 'n model vir onderwyserprofessionaliteit kan hê, is aan die hand van die beskikbare literatuur ondersoek (hoofstuk 3).
- Die gemeenregtelike determinante wat 'n moontlike invloed op die samestelling van 'n model vir onderwyserprofessionaliteit kan hê, is aan die hand van die beskikbare literatuur ondersoek (hoofstuk 4).
- 'n Internasionale perspektief op onderwyserprofessionaliteit is onderneem, met besondere verwysing na onderwyserbevoegdheid en onderwysergedrag (hoofstuk 5).
- 'n Model vir onderwyserprofessionaliteit in 'n veranderende Suid-Afrika is uit die vorige hoofstukke se literatuurstudie saamgestel (hoofstuk 6).

Op grond van die literatuurstudie wat onderneem is, kan die volgende insiggewende gevolgtrekkings gemaak word:

- Die terrein van onderwyserprofessionaliteit is vol slaggate. Indien 'n professionele opvoeder nie genoegsaam in die onderwysreg onderlê is nie, kan hy hom in talle probleemsituasies vasloop; daarom behoort alle professionele opvoeders tydens hulle opleiding met die onderwysreg kennis te maak (vergelyk 1.1 en 2.2).
- Die status wat die onderwysprofessie in die samelewing beklee, hang grootliks van die gehalte van die onderwysers af; daarom behoort elke opvoeder (i.c. onderwyser) daarna te streef om die hoogste moontlike standaard in sy professionele werk te handhaaf (vergelyk 2.3.7).
- Die vereistes waaraan 'n beroepsgroep moet voldoen om as 'n professie bekend te staan, is onder andere (vergelyk 2.3.1)
  - gespesialiseerde kennis,
  - volgehoue navorsing,
  - gesagshandhawing,
  - toegangsbeheer,
  - outonomie,
  - die handhawing van 'n etiese gedragskode, en
  - unieke dienslewering.
- Die totstandkoming van 'n vakbond in die onderwyssfeer beteken nie noodwendig die einde van professionaliteit in die onderwys nie. Die vakbondorganisasie in

die onderwys is dit met die professionele organisasie binne die onderwys eens dat opvoeders na onderwyserprofessionaliteit moet strewe (vergelyk 3.2.1).

- Die onderwys is onlosmaaklik verbind aan die politieke veranderinge wat Suid-Afrika tans ondergaan. Die onderwys word as 'n sentrale aktiwiteit in die gemeenskap beskou, en daarom sal daar toenemende druk op opvoeders (i.c. onderwysers) wees om die "nuwe" Suid-Afrika 'n werklikheid te maak. Dit sal groter toewyding en veral professionaliteit van opvoeders (i.c. onderwysers) verg. As die onderwys misluk, is die kanse skraal dat die "nuwe" Suid-Afrika sal slaag (vergelyk 3.2.2).
- Die statutêre determinante wat in hoofstuk 3 bespreek is, sal geweldige veranderinge in die onderwys teweeg bring, veral met betrekking tot onderwyserprofessionaliteit. Die Handves van Menseregte (hoofstuk 3 van die Grondwet) sal die onderwys beïnvloed deur middel van individuele regte en spesifieke regte wat op die onderwys en opvoeding van toepassing is (vergelyk 3.3.1).
- Die reg op inligting en die reg op administratiewe geregtigheid sal van groot nut wees in die evaluering van professionele opvoeders. Die effek van hierdie regte, soos in die Grondwet vervat, kan opvoeders se gehalte van werklewe verbeter (vergelyk 3.3.3.8 en 3.3.3.9).
- Die reg op basiese onderwys plaas 'n verpligting op die staat om mannekrag te voorsien wat behoorlik opgelei en bevoeg is om die taak uit te voer. Bykans die helfte van die opvoeders (i.c. onderwysers) in Suid-Afrika is tans óf ongekwalifiseerd óf ondergekwalifiseerd. Die staat sal dus optimale opleidingsgeleenthede aan hierdie onder- of ongekwalifiseerde onderwysers (i.e. opvoeders) moet bied (vergelyk 3.3.3.12).
- In terme van die Wet op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys word 'n Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders in die vooruitsig gestel. Hierdie Raad sal by magte wees om opvoeders te registreer. 'n Opvoeder wat nie by die Raad geregistreer is nie, sal nie by magte wees om as opvoeder te praktiseer nie. Hierdie Raad sal ook 'n afdwingbare gedragskode saamstel wat op alle opvoeders (i.c. onderwysers) van toepassing sal wees (vergelyk 3.4.6.2).
- Die Wet op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys ken ook aan die werkgewer en werknemer sekere regte toe wat 'n geborgenheidsruim vir die opvoeder (i.c. onderwyser) sal skep en sal verhoed dat 'n opvoeder (i.e. onderwyser) aan 'n onregverdige arbeidspraktyk onderwerp sal word (vergelyk 3.4.4.)
- Die Wet op Indiensneming van Opvoeders verskaf 'n raamwerk ten opsigte van onderwyserprofessionaliteit. Hierdie wet spel onderwyserwangedrag duidelik uit en maak spesifiek voorsiening vir onderwyseronbevoegdheid (vergelyk 3.5.2.2 en 3.5.4).

- Die Wet op Indiensneming van Opvoeders sluit aan by die gemeenregtelike determinante vir onderwyserprofessionaliteit. Daar word nie slegs billike prosedures in terme van die Wet op Indiensneming van Opvoeders vereis nie, maar daar bestaan ook 'n gemeenregtelike reg op billike prosedure - 'n aspek wat veral vir onderwyserprofessionaliteit van groot waarde kan wees (vergelyk 4.3).
- Indien dit moontlik sou wees om die gemeenregtelike beginsel - die reël van natuurlike geregtigheid - deurentyd toe te pas, kan die skool 'n veilige hawe vir alle onderwysbelanghebbendes wees (vergelyk 4.2).
- Die meeste lande in die wêreld stel sekere vereistes waaraan 'n persoon moet voldoen voordat hy as 'n professionele opvoeder kan praktiseer (vergelyk 5.2).
- Die beskouing van wat as wangedrag getipeer kan word, is feitlik in die meeste lande dieselfde, naamlik dat die gemeenskap se waardes en norme wangedrag bepaal (vergelyk 5.3).
- In geen land het 'n opvoeder (i.c. onderwyser) absolute regte in terme van die Grondwet nie. In die meeste lande is daar 'n beperking op sommige van die fundamentele menseregte van opvoeders (i.e. onderwysers) (vergelyk 5.4).
- 'n Veranderde model ten opsigte van onderwyserprofessionaliteit is nie net belangrik nie (vergelyk 1.2) maar uiters noodsaaklik in 'n veranderende Suid-Afrika (vergelyk 6.3).
- Die vereistes waaraan 'n model vir onderwyserprofessionaliteit moet voldoen, is in paragrawe 2.3.1 en 6.4 bespreek.

## 7.4 AANBEVELINGS

Ten einde die professionele opvoeder (i.c. onderwyser) in staat te stel om die strewe na onderwyserprofessionaliteit te verwesenlik en beheers, word die volgende aanbevelings gemaak:

- Aangesien daar geen afdeling van die samelewing is wat nie deur die reg beheer word nie, moet die onderwyser meer kennis bekom van hoe die reg die beoefening van sy professie beïnvloed, veral ten opsigte van onderwyserprofessionaliteit. Dit kan op die volgende maniere gedoen word:

  - Alle opvoedkundige inrigtings waar onderwysers opgelei word, behoort in die voornemende onderwyser se kurrikulum voorsiening te maak vir opleiding in onderwyserprofessionaliteit - moontlik as 'n afdeling van die vak, onderwysreg.

¤ By die opleiding van onderwysers moet daar, met betrekking tot aspekte van onderwyserprofessionaliteit, gebruik gemaak word van praktiese gevallestudies.

¤ Ingeligte persone op die personeel of onderwysregskundiges wat skole besoek om moontlike en werklike probleme te bespreek, moet die professionele opvoeder (i.c. onderwyser) deur middel van kort werk- of inligtingsessies inlig oor die aspekte van onderwyserprofessionaliteit, veral met die klem op die veranderinge wat tans plaasvind en hoe dit onderwyserprofessionaliteit beïnvloed.

- Onderwysbestuurders (skoolhoofde) moet kennis dra van die statutêre veranderinge wat reeds plaasgevind het, en hulle moet die implikasies wat sodanige veranderinge vir onderwyserprofessionaliteit inhou, kan beheers. Indien die onderwysbestuurders kennis hiervan het, kan hulle gedurende personeelontwikkelingsessies die implikasies van die veranderinge ten opsigte van onderwyserprofessionaliteit aan die personeel oordra. Op hierdie wyse kan die onderwysbestuurder verseker dat alle opvoeders (i.c. onderwysers) voortdurend op hoogte sal wees met die vereistes ten opsigte van onderwyserprofessionaliteit.
  Dit kan soos volg gedoen word:

  ¤ Seminare en kursusse moet oor die lengte en breedte van Suid-Afrika deur onderwysregskundiges aangebied word om aan die onderwysbestuurders die slaggate en voordele van onder meer die Grondwet, die Handves vir Fundamentele Menseregte, die Wet op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys en die Wet op Indiensneming van Opvoeders uit te wys. In hierdie opsig kan daar gebruik gemaak word van lesings en werkswinkels waartydens die onderwysbestuurder die praktiese probleme van onderwyserprofessionaliteit moet oplos.

- 'n Evalueringstelsel moet daargestel word met die uitsluitlike doel om die professionele groei van opvoeders te verseker. Hierdie doelwit kan bereik word deur

  ¤ evaluering nie aan 'n ekonomiese voordeel te koppel nie,

  ¤ deursigtige metodes te gebruik sodat die geëvalueerde insae in sy evaluering kan hê en sy kant van die saak kan stel, en

  ¤ voortdurende evaluering waarin aspekte weg van die werksplek geen plek sal hê nie.

- Die funksionering van die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders moet so gou moontlik begin.

- Die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders moet so gou doenlik die minimum toelatingskriteria vir onderwysers (i.c. opvoeders) vasstel en dit bekend maak.

- 'n Register vir opvoeders (i.c. onderwysers) kan solank in werking gestel word totdat die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders sy onderhandelinge met betrekking tot die minimum toelatingskriteria en 'n etiese gedragskode afgehandel het. Dit kan gedoen word deur
  - alle huidige diensdoenende opvoeders (i.c onderwysers) te registreer, en
  - alle onder- of ongekwalifiseerde opvoeders (i.c. onderwysers) in 'n aparte "voorwaardelike" register op te neem.

- Die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders moet 'n korttermyn- en 'n langtermyndoelstelling formuleer met betrekking tot die verwesenliking van onderwyserprofessionaliteit. Die Raad moet homself in tydgleuwe spasieer om te verseker dat daar oor vyftien jaar geen onder- of ongekwalifiseerde opvoeder (i.c. onderwyser) sal praktiseer nie.

- In die samestelling van 'n etiese gedragskode vir alle opvoeders (i.c. onderwysers) sal die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders eerstens 'n nasionale sin vir morele waardes moet bepaal. In so 'n gedragskode behoort daar op onderwysverwante aspekte gekonsentreer te word, en die opvoeder (i.c. onderwyser) moet in hierdie proses 'n redelike mate van privaatheid gegun word.

- Misdrywe kan moontlik volgens die aard van die misdrywe geklassifiseer word. In sekere gevalle waar die misdrywe minder ernstig van aard is, behoort sodanige misdrywe na 'n tydperk van byvoorbeeld tien jaar nie meer gemeld te word nie.

## 7.5 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

Op grond van die bevindings van hierdie navorsing kan die volgende aanbevelings vir verdere navorsing gemaak word:

- Die ontwikkeling van 'n kurrikulum vir voornemende opvoeders wat aan die volgende vereistes voldoen:
  - Besondere peil van gespesialiseerde akademiese kennis in minstens twee vakgebiede, waarvan een 'n beroepsgerigte (tegniese) vak insluit.
  - Besondere klem op opleiding in menseregte.
- 'n Ondersoek na die departementele en professionele kodering van onderwyserprofessionaliteit wat aan die Handves vir Fundamentele Regte getoets kan word.
- Die ontwerp van 'n lewensvatbare evalueringsmodel wat aan behoorlike opvoedkundig verantwoordbare beginsels voldoen, sodat voortdurende onderwyserprofessionaliteit in die werkplek verseker kan word.
- 'n Ondersoek na die lewensvatbaarheid van 'n afsonderlike registrasiestelsel van byvoorbeeld primêre en sekondêre opvoeders (i.e. onderwysers). Hiermee saam kan die moontlikheid ondersoek word of onderwyserprofessionaliteit op hierdie wyse verbeter sal word.
- Die lewensvatbaarheid van een jaar praktiese "internskap" om sodoende onder die leiding van 'n tutor die onderwyserprofessionaliteit van die voornemende onderwyser te verhoog.
- Uitgebreide navorsing kan onderneem word om vas te stel of onderwyserprofessionaliteit en die effektiwiteit van die onderwysprofessie sal verbeter as opvoeders (i.e. onderwysers) aan die vereistes vir professionaliteit voldoen.
- Die onderwysreg en die toepassing daarvan op onderwyserprofessionaliteit in Suid-Afrika staan nog in sy kinderskoene, terwyl dit in ander lande soos die VSA, Brittanje, Duitsland en Nederland 'n erkende en gevestigde vakgebied is. 'n Vergelykende studie ten opsigte van onderwyserprofessionaliteit in die bogenoemde lande behoort insiggewend te wees.

Al die bogenoemde aanbevelings het natuurlik spesifiek betrekking op die tema van hierdie navorsing en behoort dus gesien te word as aanbevelings wat daarop gemik is om die onderwyser (i.e. opvoeder) beter toe te rus vir sy verantwoordelike taak as professionele opvoeder.

## 7.6 SLOTOPMERKING

Die onderwys en onderwyserprofessionaliteit staan op die oomblik in 'n era van epogmakende veranderinge. Die onderwys en spesifiek die professionele opvoeder (i.e. onderwyser) is instrumenteel in die realisering van hierdie veranderinge. Net soos wat die gemeenskap nie hul kinders na 'n ongekwalifiseerde mediese praktisyn sal stuur vir

behandeling nie, net so min kan die onderwysprofessie verwag dat die gemeenskap hul kinders in die hande van ongekwalifiseerde (onprofessionele) opvoeders moet laat.

Die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders het tans die geleentheid om van die onderwysberoep 'n ware professie te maak. Om hierdie doelwit te bereik, het die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders die ondersteuning nodig van elke tersiêre onderwyseropleidingsinrigting, asook die hulp en ondersteuning van elke professionele opvoeder en aspirant-opvoeder. Soos in hierdie navorsing aangedui, is die regsaspekte deel van elke samelewingsverband, insluitend die onderwys. In hierdie veranderende tye word daar 'n beroep op elke onderwysopleidinginstansies gedoen om 'n deeglike, weldeurdagte en relevante opleidingsprogram in onderwyserprofessionaliteit (onderwysreg) in die kurrikulum van voornemende opvoeders (i.c. onderwysers) te inkorporeer.